



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP DINSDAG, 23 MAART 2021 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons
Rdh O M Stemele
Rdh R F van der Westhuizen
Rdd M van Zyl

Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Strategiese Dienste, me O Fransman
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom lede en versoek rdh R F van der Westhuizen om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Speaker, rdh M A Rangasamy.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 17 FEBRUARIE 2021

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 17 Februarie 2021 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5.1 NOTULE VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 10 MAART 2021

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE**BESLUIT**

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig;

BESLUIT VERDER

(b) Dat 'n verslag opgestel word insake die aantal kleinboere aangrensend tot die Saamstaan-woongebied, ingesluit die aantal leë dierehokke op die perseel, vir terugvoering aan die portefeuljekomitee.

5.1.4 BESKERMINGDIENSTE**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE**7.1 VIERDE WYSIGING VAN DIE 2017-2022 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN EN AREAPLANNE (2/1/4/4/1)**

Artikel 34(a) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 bepaal dat 'n munisipale raad sy Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) jaarliks moet hersien. Die GOP dien as basis vir die 2021/2020 jaarlikse begroting, die SDBIP en die prestasieplanne van die onderskeie direktorate.

Die Bestuurder: Strategiese Dienste, me O Fransman, bied agtergrond aangaande Omsendskrywe 88 ontvang vanaf die Departement van Samewerkende Regering (DCoG) en die akkommodering daarvan as in bylae tot die GOP.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 30 Maart 2021)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die vierde wysiging van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) asook die hersiening van die areaplanne ten einde dit by die Raadsvergadering ter tafel te lê in terme van artikel 17(3) van die MFMA;
- (b) Dat, alhoewel die Raad nie MFMA Omsendskrywe 88 goedkeur nie, Swartland Munisipaliteit deel sal neem aan die 2020/2021 DCoG loodsprojek en dat daar kennis geneem word van die aangehegte indikatore wat deel vorm van die loodsprojek;
- (c) Dat die DCoG indikatore nie in die bestaande indikator tabelle in die GOP geïnkorporeer word nie, maar ingesluit word as 'n aanhangsel tot die GOP; en
- (d) Dat 'n verdere konsultasie- en verfyningproses gedurende April 2021 gevolg word.

7.2/...

7.2 BEGROTINGSBEHEERKOMITEE: TEGNIESE AANBEVELINGS VIR DIE MEERJARIGE KAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTINGS- EN VERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASING, TARIWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2021/2022; 2022/2023 EN 2023/2024 VIR DOELEINDES VAN DIE PUBLIEKE DEELNAME PROSES (5/1/1/1; 5/1/1/2; 5/1/4)

Artikel 16(2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (MFMA) bepaal dat die burgemeester die jaarlikse begroting ten minste 90 dae voor die aanvang van die begrotingsjaar by 'n raadsvergadering ter tafel moet lê.

Die konsep meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting is ook in terme van die *Municipal Budget and Reporting Regulations, 2008* op 16 Maart 2021 aan die Begrotingsbeheerkomitee voorgelê vir oorwegings van die tegniese aanbevelings.

BESLUIT (vir tertafelleging tydens raadsvergadering van 30 Maart 2021)

[Nota: Die volgende aanbevelings deur die Begrotingsbeheerkomitee gehou op 16 Maart 2021, vir oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 23 Maart 2021 en word aanbeveel aan die Raad vir doeleindes van publieke deelname. Finale goedkeuring sal eers plaasvind op 27 Mei 2021.]

- (a) Dat die raad kennis neem dat die koste soos beoog deur Artikel 19 (2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wie die koste bevestig het soos per **(Annexure A, Section 1: 2021/22 – 2023/24 Draft Budget and Tariff File)** en oorweeg dieselfde;
- (b) Dat die raad voor die goedkeuring van die kapitaal projekte bo R50 miljoen soos gelys in **(Annexure B: 2021/22 – 2023/24 Capital Projects ito Sec 19)**, eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is; en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tarief-implikasies oorweeg;
- (c) Dat die raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geormerk is nie;

FINANCING SOURCES	Draft Budget 2021/2022	Draft Budget 2022/2023	Draft Budget 2023/2024
Capital Replacement Reserve (CRR)	R 122 412 729	R 85 134 732	R 84 826 348
Municipal Infrastructure Grant (MIG)	R 22 700 000	R 23 810 000	R 24 711 000
Dept. Human Settlements	R -	R 36 760 000	R -
Integrated National Electrification Programme (INEP)	R 8 355 000	R 5 000 000	R 5 000 000
Dept. Cultural Affairs and Sport	R 50 000	R -	R -
Community Safety Grant	R 27 500	R -	R -
GRAND TOTAL	R 153 545 229	R 150 704 732	R 114 537 348

- (d) Dat die raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die 2 individuele projekte bo R50 miljoen aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste wat gedek sal word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die bedryfsbegroting;
- (e) Dat die raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per **(Annexure A, Section 1: 2021/22 – 2023/24 Draft Budget and Tariff File)**;

7.2/...

- (f) Dat die konsep hoë-vlak meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die 2021/22 tot 2023/24 finansiële jare goedgekeur word in ooreenstemming met artikel 16, 17 en 19 van die MFMA om publieke deelname toe te laat;

	Oorspronklike Begroting 2020/21	Half-Jaar Aansuiwering sbegroting 2020/21	Konsep Begroting 2021/22	Konsep Begroting 2022/23	Konsep Begroting 2023/24
Kapitaalbegroting	212 435 837	210 663 962	153 545 229	150 704 732	114 537 348
Bedryfsuitgawes	810 670 080	812 208 752	927 014 034	981 138 749	1 047 876 926
Bedryfsinkomste	882 786 413	892 883 145	963 199 337	1 053 905 085	1 081 502 786
Begrote (Surplus)/ Tekort	(72 116 333)	(80 674 394)	(36 185 303)	(72 766 335)	(33 625 860)
Minus: Kapitaal Toekennings, Donasies & Ontwikkelings- bydraes	86 863 600	79 226 340	31 930 409	66 825 556	31 028 078
(Surplus)/ Tekort	14 747 267	(1 448 054)	(4 254 894)	(5 940 779)	(2 597 782)

- (g) Dat daar inbeginsel goedkeuring verleen word vir die kennisgewing ingevolge artikel 14(1) en (2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 ten opsigte van die heffing van konsep eiendomsbelastingkoerse, vrystellings en afslag op eiendomme soos gespesifiseer in die onderstaande skedule en in die eiendomsbelastingbeleid vir die 2021/2022 finansiële jaar vir implementering op 1 Julie 2021, vir doeleindes van die publieke deelnameproses;

Category of property	Rate ratio	(c/R) rate determined for the relevant property category
Residential properties	1: 1	0,5464
Business and Commercial properties	1: 1,4367	0,7850
Industrial properties	1: 1,4367	0,7850
Agricultural properties	1: 0,25	0,1366
Mining properties	1: 1,4367	0,7850
Public Service Infrastructure	1: 0,25	0,1366
Public Benefit Organisations	1: 0	0,0000
Vacant properties	1: 1,347	0,7360
Municipal properties	1: 0	0,0000
Conservation Areas	1: 0	0,0000
Protected Areas	1: 0	0,0000
National Monuments	1: 0	0,0000
Informal Settlements	1: 0	0,0000

Exemptions and Reductions

- **Residential Properties:** For all residential properties, the municipality will not levy a rate on the first R15 000 of the property's market value. The R15 000 is the statutory impermissible rate as per section 17(1)(h) of the Municipal Property Rates Act.

7.2(i)/...

Rebates in respect of a category of owners of property are as follows:

- **Indigent owners:** 100 per cent rebate will be granted to registered indigents in terms of the Indigent Policy to a maximum valuation of R105 000;
- **Qualifying senior citizens and disabled persons:** A rebate to an amount equal to the rates payable on the first amount of the valuation of such property to a limit of R300 000.

NB: Please refer to the municipality's property rates policy in respect of all rebates offered.

- (h) Dat die Raad die konsep tariefstrukture en heffings vir water, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in **(Annexure A: 2021/22 – 2023/24 Draft Budget and Tariff File)** goedkeur met die doel om publieke deelname toe te laat;
- (i) Dat die Raad die voorgestelde elektrisiteitstariewe as konsep goedkeur vir die 2021/22 finansiële jaar, met inagneming dat dit onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA;
- (j) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies soos uiteengesit in **(Annexure C: Budget Report and A-Schedules 2021/22 – 2023/24)** goedgekeur word;
- (k) Dat die **wysigings** aan die begrotings- en verwante beleide soos vervat in **(Annexure D: Draft Amendments to Budget Related Policies 2021/22)**, goedgekeur word met die doel vir die publiek se menings en kommentaar;
- (l) Dat die opleidingsbegroting beperk tot **0,50%** van die salarisbegroting ten bedrae van **R 1 294 339** vir die 2021/22 finansiële jaar as konsep goedgekeur word;
- (m) Dat die Raad kennis neem en goedkeuring verleen vir die volgende verhogings naamlik:
- Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **4%** vir 2021/22; **4.5%** vir die 2022/23 en **4.5%** vir 2023/24 finansiële jare, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2.5% kerfverhoging waar van toepassing;
 - Ten opsigte van die Direkteure: Korporatiewe Dienste, Elektriese Dienste en Beskermingsdienste, **uitgesluit die HFB en Direkteure: Siviele Dienste en Ontwikkelingsdienste**, 'n **4%** verhoging met ingang van 1 Julie 2021;
 - Ten opsigte van die Munisipale Bestuurder, 'n verhoging van 2,5% met ingang van 1 Julie 2021;
 - Voorsiening is gemaak vir 'n **3%** verhoging vir politieke ampsdraers wat val binne die boonste band van die inflasieteikens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB);
- (n) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfsurplusse en dat die begroting "kontant gefinansier" word as gevolg van die kontantreserwes in tabel A8, die totale groei in uitgawes van **14.1%** vanaf die huidige tot die nuwe finansiële jaar en die verminderde inkomstebronne met 'n minimale groei in inkomste van slegs **7.9%** vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei-staat soos per **(A-schedule: A7)** vir die volgende drie finansiële jare;
- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **8.3 maande** vir 2021/22, **8.6 maande** vir 2022/23 en **8.1 maande** vir 2023/24 finansiële jare (dit kan wesenlik beïnvloed word, maar op hierdie stadium is dit nie moontlik om wetenskaplik te bepaal nie);

7.2(n)/...

- oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat bedryfsurplusse verwag word vir 2021/2022 'n bedrag van **R 4 254 894** en vir 2022/2023 'n bedrag van **R 5 940 779** en 2022/2024 'n bedrag van **R 2 597 782 (kapitale toekennings uitgesluit)**;
- (o) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (p) Dat die Raad kennis neem dat die begroting opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.5 soos vereis deur Nasionale Tesourie;
- (q) Dat die proses van publieke insette, sienings of kommentaar op die konsep **hersiende** begroting en verwante beleide (beperk tot die hersienings van die vorige jaar) en begrotingsdokumente, insluitend die eiendomsbelastingkoerse en tariewe, teen 12 voormiddag op 30 April 2021 sluit.

7.3 KONSEP 2021/2022 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGS-PLAN (SDBIP) (2/4/2)

Die voorlegging van die SDBIP geskied ingevolge regulasies 14 en 15 van die *Municipal Budget and Reporting Regulations*.

Die doel van die SDBIP is om die munisipale bestuur te ondersteun om diensleweringsteikens, sowel as die spandering van die kapitaalbegroting binne gegewe tydsraamwerke te bereik.

BESLUIT (vir voorlegging aan Raad op 30 Maart 2021)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die aangehegte konsep 2021/2022 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) ten einde dit by die Raadsvergadering ter tafel te lê in terme van regulasie 14 van die Munisipale Begroting en Rapportering Regulasies;
- (b) dat, alhoewel die Raad nie MFMA Omsendskrywe 88 goedkeur nie, Swartland Munisipaliteit deel sal neem aan die 2021/2022 DCoG loodsprojek en dat daar kennis geneem word van die aangehegte indikatore wat deel vorm van die loodsprojek;
- (c) dat die DCoG indikatore nie in die bestaande indikator tabelle in die SDBIP geïnkorporeer word nie, maar ingesluit word as 'n aanhangsel tot die SDBIP; en
- (d) dat die SDBIP in terme van regulasie 15 van die Munisipale Begroting en Rapportering Regulasies aan Nasionale Tesourie en Provinsiale Tesourie voorgelê word.

7.4 VOORLEGGING VAN KONSEP EIENDOMSBELASTINGVERORDENING (1/1)

Die konsep Swartland Munisipaliteit: Eiendomsbelastingverordening word voorgelê in terme van paragrawe 56 en 57 van die Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings, PK 7501 gedateer 2 Oktober 2015 vir voorlegging aan die Raad op 30 Maart 2021 ten einde die publieke deelnameproses te deurloop.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat die volgende konsepverordening op 30 Maart 2021 aan die Raad voorgelê word vir beginselgoedkeuring:
 - Swartland Munisipaliteit: Eiendomsbelastingverordening
- (b) Dat, na beginselgoedkeuring deur die Raad, die konsep verordening vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselwet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

7.5 WYSIGINGS AAN DIE VOORSIENINGKANAALBESTUURSBELEID (8/1/B/2)

Die Voorsieningskanaalbestuursbeleid bepaal dat die rekenpligte beampte die beleid op 'n jaarlikse basis moet hersien.

Die beleid is met die sakelys gesirkuleer vir voorlegging aan die Raad op 30 Maart 2021.

BESLUIT

Dat die voorgestelde wysigings aan paragrawe 16 en 17 (sien Aangangsel A) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid met onmiddellike effek geïmplementeer word.

7.6 WYSIGING VAN KPI'S EN TEIKENS (2/4/2)

Die Munisipale Beplanning- en Prestasiebestuursregulasies, 2001 (R796 gedateer 24 Augustus 2001) bepaal dat 'n munisipaliteit sy sleutelprestasie-aanwysers jaarliks moet hersien. Die regulasies bepaal verder dat wanneer 'n munisipaliteit sy GOP wysig, die munisipaliteit dan ook die sleutelprestasie-aanwysers wat deur so 'n wysiging geraak word, moet wysig.

BESLUIT

Dat die volgende veranderings van sleutelprestasie-aanwysers (KPI's) en teikens as 'n konsep aanvaar word vir die doeleindes van advertering vir publieke insette en kommentaar:

- Byvoeging Munisipale Bestuurder: KPI - "*A hand-over report that can be tabled at the first meeting of the newly elected council completed*"; Teiken - "*By end of September 2021*";
- Wysiging alle direkteure en afdelingshoofde: KPI - "*% of all correspondence recorded by Collaborator less than 60 days old*" - maak onaktief vir 2021/22 totdat Collab rapportering op die KPI weer moontlik is; en
- Wysiging Bestuurder Brand- en Nooddienste: KPI - "*Disaster Management Plan and Disaster Recovery and Business Continuity Plan reviewed*" - Verander teiken na: "*Yes (annually by end of Feb)*".

7.7 SWARTLAND EKONOMIESE ONTWIKKELING- EN HERSTELPLAN (2/1/4/4/1)

Die Raad het gedurende Mei 2015 'n Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingsstrategie (LED-strategie) aanvaar, waarna dit gedurende Mei 2018 hersien is.

Die aangehegte Swartland Ekonomiese Ontwikkeling- en Herstelplan is opgestel om die verouderde LED-strategie te hersien en om 'n ekonomiese herstelplan daarby te inkorporeer.

Die plan bevat verder 'n opsomming van die nasionale, provinsiale en ander inisiatiewe wat 'n raamwerk verskaf waarbinne die Munisipaliteit sy aksies kan rig in ondersteuning tot ekonomiese ontwikkeling- en herstelinisiatiewe.

BESLUIT

Dat die Swartland Ekonomiese Ontwikkelings- en Herstelplan wat as Aangangsel A aangeheg is, as 'n konsep aanvaar word vir die doeleindes van advertering vir publieke insette en kommentaar.

7.8 MANDAAT: KOLLEKTIEWE OOREENKOMS EN BASIESE DIENSVOORWAARDES VAN DIE WESKAAPSE AFDELING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE PLAASLIKE REGERING BEDINGINGSRAAD (SALGBC) (4/2/4)

'n Versoek ontvang vanaf Mosselbaai Munisipaliteit insake die betaling van oortyd aan senior amptenare het voor die onlangse Werkgroep van SALGA gedien. SALGA versoek 'n mandaat vanaf munisipaliteit insake die ondersteuning van Mosselbaai Munisipaliteit se voorstel tot wysiging van die kollektiewe ooreenkoms, al dan nie.

Die verslag/...

7.8/...

Die verslag tot die sakelys verskaf volledige agtergrond tot die voorstel van Mosselbaai Munisipaliteit en die redes waarom daar aanbeveel word om dit nie te ondersteun nie, onder andere dat die nuwe MTREF nie voorsiening vir die addisionele uitgawes aan oortydbetalings maak nie.

BESLUIT

Dat Swartland Munisipaliteit nie die aanbeveling van Mosselbaai Munisipaliteit steun om te onderhandel oor 'n verandering in die kollektiewe ooreenkoms om ook voorsiening te maak vir die betaling van oortyd in die vorm van geld aan senior amptenare soos omskryf in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes en werknemers wat salarisdrempel oorskry.

7.9 NOTULE VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEE GEHOU OP 24 NOVEMBER 2020 (5/15/1/3)

Die Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, Nr 56 van 2003.

Die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 24 November 2020 is met die sakelys gesirkuleer, en bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomitee se vergadering van 24 November 2020.

7.10 VERHUUR VAN RAADSEIENDOM TE MOORREESBURG (12/1/3/1-9/1)

Die Raad verhuur die buitegebou op erf 3432, Moorreesburg sedert 1 Desember 2014 aan me C Alberts, die aangrensende eienaar tot die eiendom. Me C Alberts het aansoek gedoen om die gebou vir 'n verdere termyn vanaf die Raad te huur.

BESLUIT

- (a) Dat die voormelde huurperseel vir 'n verdere termyn van 12 maande met ingang van 1 Desember 2020 aan me C Alberts verhuur word vir doeleindes van 'n stookkamer;
- (b) Dat die huurgeld na R300,00 plus BTW, per maand verhoog word;
- (c) Dat die bestaande huurvoorwaardes dieselfde bly.

7.11 VERHURING VAN NYWERHEIDSGROND TE MOORREESBURG VIR AKKERBOUDOELEINDES (12/2/5/5-9/2)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 11 Januarie 2021 goedkeuring verleen dat voorstelle ingewin word vir die verhuring van 'n gedeelte (groot ± 17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg vir 'n periode wat nie twaalf maande oorskry nie, met ingang vanaf 1 April 2021.

'n Openbare mededingingsproses is deurloop om die betrokke grond vir akkerbou doeleindes beskikbaar te stel. Die Koringbedryfmuseum was die enigste instansie wat belangstelling getoon het om die gedeelte grond vanaf die Munisipaliteit te huur.

BESLUIT

- (a) Dat Tender L03/20/21 vir die verhuring van 'n gedeelte (groot ± 17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg ten bedrae van R700,00 per jaar, BTW uitgesluit, aan die Koringbedryfmuseum toegeken word, vir 'n periode van een jaar, met ingang vanaf 1 April 2021 tot 31 Maart 2022 (of moontlik slegs tot 31 Desember 2021);

7.11/...

- (b) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste volmag verleen word om die voorwaardes van die huurkontrak te finaliseer en die ooreenkoms te mag onderteken;
- (c) Die huurder daarop bedag gemaak word dat erf 5520 wat aan Piketbergweg grens, in die nabye toekoms deur *AfricOil* ontwikkel staan te word, en hulle moet toesien dat gemeld grond nie besaai word nie.

7.12 YZERFONTEIN ROLBALKLUB: AANSOEK OM DRANKLISENSIE BY KLUBGEBOU, ERF 2017 YZERFONTEIN (14/3/1)

'n Skrywe is ontvang vanaf die Yzerfontein Rolbalkklub waarin aansoek gedoen word vir toestemming vanaf die Munisipaliteit om by die Wes-Kaapse Drankraad aansoek te doen vir 'n permanente dranklisensie. Die klubhuis van die rolbalkklub is geleë op Erf 2017, Yzerfontein wat munisipale eiendom is.

Die bestuurspan het op die 3 Maart 2021 die aansoek oorweeg, en in beginsel goedgekeur dat die rolbalkklub, synde die alleengebruiker van die baan en klubhuis, vir 'n dranklisensie mag aansoek doen, vir oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word aan die Yzerfontein Rolbalkklub om 'n aansoek tot die Wes-Kaapse Drankowerheid te mag rig vir die verkryging van 'n permanente dranklisensie ten opsigte van die klubhuis geleë te erf 2017 Yzerfontein, wat tans die Yzerfontein Rolbalkklub akkommodeer;
- (b) Dat die goedkeuring slegs geld vir die termyn van die huurooreenkoms;
- (c) Dat die aansoeker aanspreeklik sal wees vir alle kostes wat met die aansoek gepaardgaan of daaruit mag voortspruit, ingesluit alle uitgawes om kroeggeriewe en gepaardgaande infrastruktuur te skep en te onderhou, en om vir voldoende sekuriteit/beveiliging van die perseel en enige voorraad wat daar gestoor word voorsiening te maak;
- (d) Dat bogemelde magtiging nie impliseer dat die rolbalkklub, indien die lisensie wel toegestaan word, op 'n voltydse basis die kroeggeriewe mag bedryf nie, maar dit beperk sal word tot aktiwiteite wat verband hou met rolbal en verwante aktiwiteite op die perseel alleenlik, aangesien dit primêr 'n sportfasiliteit is;
- (e) Dat geen drankverkope mag plaasvind tydens rolbalaktiwiteite waarby skoolgaande jeug betrokke is nie;
- (f) Dat die operasionele ure verder onderhewig sal wees aan die ure soos van toepassing op die bepaalde liggingskategorie (residensieel) in die Munisipaliteit se Verordening insake Beheer oor Ondernemings wat Drank aan die Publiek Verkoop, soos afgekondig in Buitengewone Provinsiale Koerant 7394 gedateer 22 Mei 2015.

7.13 UITSTAANDE DEBITEURE: FEBRUARIE 2021 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Februarie 2021;
- (b) Dat 'n werkgroep deur die Direkteur: Finansiële Dienste op die been gebring word om die lyste vir afskrywing in detail deur te werk.

7.14/...

7.14 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 28 Februarie 2021 soos met die sakelys gesirkuleer;
- (b) Dat, met verwysing na die toename in vandalisme van raadseiendom, 'n artikel insake die fluitjieblaas-beleid op Facebook geplaas word as bewusmaking dat diefstal en vandalisme wat waargeneem word by die Munisipaliteit aangemeld kan word.

7.15 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DRINGENDE VERSTELLINGS AAN ELEKTRIESE PANELE BY DIE KALBASKRAAL EN RIVERLANDS WATERAANJAAGPOMPSTASIE (8/1/B/2)

Die grootmaat-watertoevoerstelsel na Riverlands en Chatsworth bestaan uit 'n waterpyp wat water vanaf die Kleindam-reservoirs in Malmesbury na die Chatsworth-reservoirs oor 'n afstand van ±26 km vervoer.

Die stelsel is toegerus met twee aanjaagpompstasies in Kalbaskraal en Riverlands ten einde te versker dat water die reservoirs in Chatsworth bereik.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word om goedkeuring te verleen vir die verstellings aan die elektriese panele by die Kalbaskraal en Riverlands aanjaagstasies deur Tricom Africa ten bedrae van R111 709,00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
 - (i) die implementering van beurtkrag het 'n verlies aan pompingsure tot gevolg wat aanleiding gee tot onderbrekings in watertoevoer na Riverlands en Chatsworth;
 - (ii) die onlangse toename in beurtkrag het die dringende verstelling aan die elektriese panele by die Kalbaskraal en Riverlands aanjaagpompstasie genoodsaak ten einde noodkrag opwekking te bewerkstellig;
- (d) Dat kennis geneem word dat die uitgawe teen mSCOA posnommer: 9/105-376-128 verreken word en dat daar genoegsame fondse beskikbaar is vir die gekwoteerde bedrag van R111 709.00 (BTW uitgesluit);
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.16 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE GEVANDALISEERDE TELEMETRIE TOERUSTING BY CHATSWORTH RESERVOIRS (8/1/B/2)

Die telemetrie-toerusting by die Chatsworth-reservoirs, wat gebruik word om die vlakke van reservoirs te monitor en te beheer is onlangs erg gevandaliseer wat die stelsel buite werking gelaat het.

Besluit/...

7.16/...

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word om goedkeuring te verleen vir die herstel van die telemetriestelsel by die Chatsworth reservoirs deur Spectrum Communications ten bedrae van R75 645.00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
 - (i) die telemetriestelsel wat die vlakke in die reservoirs beheer deur die aanskakeling van die aanjaagpompe het onklaar geraak weens vandalisme;
 - (ii) indien die telemetriestelsel buite werking is, word die reservoirs nie van water voorsien nie en daarom is die herstelwerk as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat kennis geneem word dat die uitgawe teen mSCOA posnommer: 9/249-1143-543 verreken word en dat daar genoegsame fondse beskikbaar is vir die gekwoteerde bedrag van R75 645.00 (BTW uitgesluit);
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER